Sing vooraf staande: Psalm 143:1, 2, 9 (p. 688)

1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede, / en ek verlaat my op u trou.

2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

9 Laat hier u guns my nooit begewe; / skenk om U selfs wil my die lewe!
En laat my siel weer wees verblyd, / van sy benoudheid wees onthewe.
Ek pleit op u geregtigheid.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 34:1, 2 (p. 166)

1 In weelde◌ͫen ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.

2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 65:2, 3

Skriflesing: Lukas 22:24-34

Kernverse: Lukas 22:31-32

"Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk." (Lukas 22:31-32 AFR1983)

Tema: Laat kom ons nie in die versoeking nie!

Ons Vader wat in die hemel is, laat kom ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Geliefde broers, susters en kinders, so leer Jesus ons bid en so bid Hy ook vir ons. Maar bid ons nog so? En as ons nog die Here smeek om ons nie in die versoeking te laat kom nie, dink ons regtig na oor hierdie woorde? Of het dit ook maar klanke in ons gedagtes en woorde in ons mond geword wat gedagteloos oor ons lippe stroom?

Om te kan bid dat die Here ons nie in die versoeking moet laat kom nie, behoort ’n mens jou eie swakheid te ken. Wie opreg bid – laat kom ons nie in die versoeking nie – bely immers dat hy in homself so swak is dat hy nie een oomblik teen die aanslae van die Bose staande kan bly nie. Maar watter mens van die een en twintigste eeu is nog bereid om te erken dat hy swak is? Niemand nie! Of as daar is, is hulle maar baie min. Daar is maar weinig mense wat nog wil erken dat hulle nie alleen die stryd teen die Bose kan handhaaf nie. Ons is gewoonlik te trots om te erken dat ons iemand se hulp nodig het. Ons sal mos self regkom, ons het mos geloof, ons het die Bybel, ons is in die erediens, ons bid gereeld. Wat kan die duiwel ons tog nou aandoen? Hy is in elk geval reeds oorwin. Christus Jesus ons Here het sy kop op Golgota vermorsel.

Voordat ons nou heeltemal te vol van onsself word, moet ons eers luister na hierdie waarskuwing, bemoediging, versekering en taak wat ons Here Jesus aan ons gee. Jesus en die dissipels was nog aan die tafel waar Hy die nagmaal ingestel het. Toe begin die dissipels onder mekaar redeneer wie van hulle die belangrikste is. Nadat Hy hulle tereggewys het, sê Hy vir hulle: Julle is die mense wat in my beproewings altyddeur by My gebly het. Al weet Jesus reeds dat Petrus Hom daardie nag nog in die steek gaan laat, keer dit Hom nie om Petrus saam met die ander dissipels oor hulle getrouheid te prys nie. Maar Jesus laat die herinnering aan Petrus se getrouheid in die verlede Hom ook nie keer om Petrus ernstig te waarsku oor die komende ontrou nie.

Simon, Simon, luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Jesus roep Petrus op sy naam wat hy vroeër gehad het toe hy nog nie in Jesus geglo het nie. Daarmee wil die Here Petrus se aandag daarop vestig dat hy nog ’n swakke mens is. Hy is nie so sterk en so slim en so vinnig as wat hy van homself wil dink nie. Ja, ons leer Petrus ken as die een wat gewoonlik eerste die antwoord gee, eerste vorentoe tree en sommer net wil doen. Hy is ook die een wat vroeër toe Jesus die eerste maal sy eie dood aangekondig het, gesê het dat hy sal keer dat enigiemand sy Here kwaad aandoen.

Petrus is nog te veel Simon die sterk en vinnige dissipel. Hy moet nog meer word wat die Here wil hê hy moet wees, naamlik Petrus, die rots. Daarom moet hy nou luister: Die Satan het daarop aangedring om hulle soos koring te sif. As dit vir ons vreemd klink dat die Satan aandring om die gelowiges te sif, moet ons maar net weer onthou wat in Job se lewe gebeur het. Satan het soos ’n druppende kraan aangehou om Job tot oorgawe te versoek. Die Here het dit toegelaat binne die perke wat Hy gestel het. Eers na die afloop van Job se diepe smart en pyn, kom ’n mens agter dat die Here juis die versoekings van die Satan gebruik het om die goud van Job se geloof te louter en sy waarmerk daarop te plaas.

Jesus is hier aan die tafel reeds bedroef, nie oor dit wat met Hom in hierdie nag en die volgende dag gaan gebeur nie. Hy weet dat Hy die beker wat sy Vader aan Hom gee, leeg sal moet drink om sy Vader so te verheerlik. Nee, Hy is nie nou oor Homself bedroef nie, maar oor sy dissipels. Jesus is immers self God. Hy weet die Satan is op pad om sy dissipels soos koring te sif. En as die Satan die dissipels gaan sif, is dit nie om van die kaf tussen die koring ontslae te raak nie. Hy skud die sif met geweld, want hy wil juis hê dat die koring op die grond moet val om vertrap en vernietig te word.

Petrus moet waaksaam wees. Jesus wil hê dat Petrus nugter sal wees en agter die versoeking die Satan sal herken. Die vrae wat daardie nag nog aan Petrus gevra gaan word, sal nie die diensmeisie of die soldate se vrae wees nie. Dit is die Satan se vrae en sy bedoeling is om jou tot ’n val te bring.

Simon, Simon, luister tog!

Geliefdes, hierdie waarskuwende woorde is ook vir jou en my bedoel. Agter elke versoeking wat op ons pad kom, sit die duiwel. Dit is sy aanslag om ons te laat val. In aansluiting by ons eie natuurlike geaardheid verblind hy ons met die liggies van die wêreld, spoor hy ons aan om verbitter te raak teenoor mense, hits hy ons aan om ons vir ander mense te vererg, sit hy agter daardie dinge wat ons prikkel om nuuskierig ondersoek in te stel, wakker hy in ons die begeerte aan om net een keer met dagga of drank of seksuele dade buite die huwelik te eksperimenteer. Hy wil sien hoe die koringkorrels soos kaf wegwaai en op die grond val en vergaan. Laat ons wakker en waaksaam wees. Laat ons nie so vinnig agter die Satan se lokstemme aangaan nie.

Maar ons luister mos nie graag na waarskuwings nie. Nee, ons dink ons sal die Satan kan wys dat ons sterker is as hy. Ons gaan ons nie so maklik onderkry nie. Of redeneer ons soos Petrus? Toe Jesus sê dat hulle almal Hom nog daardie nag in die steek sou laat, was dit Petrus wat gesê het: Wie, ek, Here? Hierdie ander klomp miskien nog, maar ek sal U nooit verlaat nie. Ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood in te gaan. Dink een van ons miskien dat ons nooit die Here sal verloën nie? Sê jy ook: Wie, ek, Here? Nee, ek sal U nooit verlaat nie. Ek sal selfs vir U die dood ingaan. Ag, laat ons nie dink ons is beter of sterker as Petrus nie. As ons onsself regtig in die lig van God se Woord bekyk, sal ons moet bely dat ons al baie maal geleef en gepraat het soos mense wat die Here Jesus nie ken nie. Ons is nog altyd swak en ons vyand, die duiwel, is nog steeds die een wat rondloop en soek wie hy kan verslind. Wees nugter en waaksaam.

Dadelik vervolg Jesus met ’n heerlike bemoediging: **Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie.** Jesus los Petrus nie maar net met ’n waarskuwing nie. Hy bemoedig hom ook sodat die aanslag van die Satan hom nie te veel sal verontrus nie.

Teenoor die Satan wat staan en sif aan die dissipels, staan die Here en bid. Petrus het dit nie geweet nie. Hy weet dat Jesus baie maal alleen eenkant toe gegaan het en soms vir ’n hele nag alleen was om te bid. Maar hy het nooit gedink dat die Here ook vir hom gebid het nie. Broers, susters en kinders, nog voordat die Satan gekom het om aan Petrus te kom sif, lê daar reeds voor God se troon gebede van Jesus vir sy beskerming.

Wat ’n heerlike en gerusstellende gedagte is dit nie ook vir ons nie. Die Satan storm telkens teen ons aan met die allerverskriklikste versoekings. Maar nog lank voordat hy op ons begin afstorm het, het Jesus, ons enigste Hoëpriester al vir jou en my gebid. Ook vir ons bid Hy dat ons geloof ons nie sal begewe nie. Met sy volmaakte offer vir ons sondes en swakhede as bewys, pleit Hy vir ons by die Vader dat ons nie in die versoeking sal val nie. Hy los ons nie maar net met ’n waarskuwing om nugter en waaksaam te wees nie. Hy bid aanhoudend vir ons behoud.

Nou kan iemand ook weer sê: Kyk nou net wat het met Petrus op die ou end gebeur. Hy het die Here Jesus drie maal verloën. Dan het Jesus se gebed mos niks gehelp nie. Geliefdes, die fout was nie in Jesus se gebed geleë nie. Petrus het nie in die versoeking geval omdat God nie sy Seun se gebed verhoor het nie. Petrus het in die versoeking geval omdat hy nie op die waarskuwing ag geslaan het nie. Dit is hy wat nie nugter en waaksaam gebly het nie.

Maar Jesus se gebed het Petrus wel in sy val vasgehou. Petrus se geloof het hom nie begewe nie. Petrus het wel geval, maar nie uit die geloof en genade uitgeval nie. Petrus het geval, tog het daar weer berou gekom en daar het trane gekom en Jesus het weer gekom en die trane afgedroog. God laat vaar nooit die werk sy hande nie. Petrus se geloof is God die Heilige Gees se werk en die Here hou dit in stand. Maar dit beteken nie dat ek en jy nou maar onverantwoordelik en toe oë in elke versoeking kan instorm en sê: God sal mos keer dat my geloof my sal begewe, nie. Jesus se opdrag is nie om in te storm nie. Sy opdrag is om nugter en waaksaam te wees. As ons nie aan hierdie opdrag gehoor wil gee nie, mag ons ook nie bid: Laat kom ons nie in die versoeking nie.

Omdat Jesus vir ons bid, beteken dit nie dat daar nooit ’n versoeking op ons pad sal kom of dat ons nooit in ’n versoeking sal val nie. Sy gebed is vir ons die blye versekering dat ons geloof ons nie sal begewe nie. Hierdie versekering gee God immers by ons doop reeds aan ons wanneer ons uit die Bybel hierdie woorde opdiep: *En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers ’n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons ’n ewige verbond met God het.*

As ons geval het, is daar nog altyd die pad terug wat die Here deur sy Gees en Woord aan ons wys. Dit is ’n pad van hartseer en trane, ’n pad van smart en berou, omdat ons aan die Here ongehoorsaam was. Maar hy en sy wat met opregte berou, met ’n stukkend geskeurde hart en ’n verslae gees tot God nader, sal ’n vriendelike aangesig ontdek. God wys so ’n mens nooit af nie, want Christus het sy deurboorde hande in gebed vir hierdie mens opgehef tot sy Vader. Laat ons dan met al ons val- en skaafmerke na ons Here Jesus gaan. Hy is nog dieselfde Here Jesus wat Petrus se trane van berou afgedroog het. Hy wil ook jou en my trane afdroog.

Maar Jesus is nog nie klaar nie. Petrus het ook nog ’n taak wat hy moet vervul. **En as jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.** Nog voordat Petrus geval het, ja, selfs nog voordat Petrus versoek is, praat die Here al van sy bekering. So seker is ons Here Jesus dat die Vader sy gebed sal verhoor.

Petrus sou wel val, dit weet Jesus en dit maak Hom diep bedroef, maar deur die genadige werk van die Heilige Gees sal Petrus weer opstaan en hom weer bekeer. Daarom vervolg Jesus met ’n heerlike taak vir Petrus. Hy moet, as ’n mens wat weet wat dit beteken om te val en diep en ver geval het en weer opgerig is, sy broers en susters wat val ook oprig. Net iemand wat geval het en weer deur God se genade opgerig is, sal met deernis en liefde ’n ander een wat geval het begrypend kan bystaan.

En wanneer ek en jy ook die wonderlike voorreg ontvang om deur die Gees van God opgerig te word om ons te bekeer en God se vriendelike aangesig ontmoet, het ons ook hierdie heerlike taak. Wanneer ons een van ons broers en susters sien wat geval het, moet ons met al die liefde van God wat die Gees in ons hart uitstort, so een help en bystaan. Van klipgooiers en vertrappers is daar genoeg in die wêreld. Ons hoef dit nie ook te gaan doen nie. Daar is egter ’n groot gebrek aan hulle wat kan bemoedig en opbeur.

Laat ons nie die onverdiende genade van God aan ons vergeet nie. Toe ons geval het, het Hy ons opgehelp. Maar laat ons dan uit dankbaarheid met ’n vertroostende mond en met uitgestrekte hande na hulle gaan wat net soos ons geval het. Mag God ons vervul met teerheid en liefde teenoor ons gevalle broers en susters.

Kom ons sluit af en let weer op die vier sake wat ons Here Jesus ons leer.

Julle wat dink julle sal versoekings vryspring, luister! Waak en bid! Die Satan dring daarop aan om

ons soos koring te sif. Nog voordat jy weet, kan jy reeds op die grond neergeslaan lê. Agter elke versoeking is die Satan en hy sal met al sy mag probeer om ons tot ’n val te bring. Waak en bid dat jy nie in die versoeking kom nie.

Julle wat versoek is, moenie wanhopig raak nie! Hou goeie moed! Teenoor die Satan wat staan en sif, staan ons Here Jesus en Hy bid vir ons. Met sy gebed bind Hy ons vas aan die liefdevolle hart van sy Vader sodat ons geloof ons nie sal begewe nie.

Julle wat geval het, moenie in die sonde bly lê nie! Staan op en bely jou skuld, want die Here beloof ook: **En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes.** (1 Johannes 2:1, 2a)

Julle wat weer opgerig is, gaan na hulle wat geval het. Help hulle op en vertroos hulle met die vertroosting waarmee die Here jou vertroos het.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 34:6, 8 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is ’t wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

8 Die HEER’s die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Augustus 2011